CLANWILLIAM
CLANWILLIAM LANDBOU EN HUISVLYT TENTOONSTELLING
EXPO

Parkstraat 49, Clanwilliam, 8135
-32,1848880 S ; 18,9011920 O
www.clanwilliamexpo.co.za
info@clanwilliamexpo.co.za
073 289 8927 (Marindé Saayman)
msaayman@lantic.net
083 539 9631 (Nico Louw)

CLANWILLIAM EXPO / LANDBOU SKOU

11 - 13 APRIL 2024

UITSTALLERS AANSOEKVORM

Naam van Uitstalling : _____

Eienaar van Uitstalling : _____

Adres : _____

E-pos Adres: _____

Sel/Tel: _____

VOLLEDIGE BESKRYWING VAN ITEMS/PRODUKTE LYS WAT TE KOOP AANGEBIED WORD:

_____

_____

_____

_____

Merk asb met "X" watter opsie voor aansoek gedoen word en die hoeveelheid staanplekke verlang onder "HVL":

		HVL
☐	BINNE: MET ELEKTRISITEIT (3m x 3m) R1000	☐
☐	BINNE: SONDER ELEKTRISITEIT (3m x 3m) R800	☐
☐	BUITE: MET ELEKTRISITEIT (4m x 5m) R1000	☐
☐	BUITE: SONDER ELEKTRISITEIT (4m x 5m) R800	☐
☐	BINNE: KOSSTALLETJIE met elektrisiteit (3m x 3m) R1500	☐
☐	BUITE: KOSSTALLETJIE met elektrisiteit (4m x 5m) R2000	☐
☐	BUITE: EXTRA GROOT sonder elektrisiteit (10m x 10m)R2500 (Trekkers, Implemente, Voertuie, Groot Landbou Toerusting ens.)	☐

TERMES EN VOORWAARDES

- Die tarief vir uitstalruimte is vir 3 dae, 11 - 13 April 2024
- Alle uitstallers MOET volledig opgestel wees teen Woensdag middag, 10 April 2024. Stalletjies kan alreeds vanaf 08:00 begin opstel. Geen stalletjie sal geallokeer word nadat skou begin het nie.
- Stalletjie moet gereed wees vir besigheid en inspeksie Donderdag, **11 April 2024** om 10:00.
- Uitstallers moet hul eie elektriese koorde voorsien. Vergewis uself van die beurtkragskedules en maak daarvolgens voorsiening. Wees voorbereid.
- Binne stalletjies se besigheids-ure is van 08:00 - 18:00. Geen toegang na 18:00. Saal word gesluit.
- Buite-uitstallers se besigheids-ure is daagliks vanaf 08:00. Toemaaktyd kan self bepaal word.
- Gedurende die Expo is daar sekuriteit op die terrein. Wees maar ekstra veilig en beveilig u stalletjie tydens die Expo en in die aande.
- Uitstallers moet asseblief kennis neem dat die terreinuitleg van uitstallers reeds vooraf gedoen word en dat stalletjies NIE gewysig kan word nie. Indien u op spesifieke plek moet staan weens spesifieke redes, MOET dit met u aansoek duidelik aan ons gestel word sodat ons die nodige indeling kan maak.
- Aansoeke vir uitstallers sluit **29 FEBRUARIE 2024**. Indien u teen Maandag 11 Maart 2024 nog geen terugvoering van ons ontvang het nie; aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was.
- Met aanvaarding van u aansoek, moet die volle bedrag voor of op **25 Maart 2024** per EFT ALLEENLIK betaal word om jou plek te verseker aan:

  Naam van bank : Standard Bank
  Tak : Clanwilliam (050-106)
  Rekening naam : C.L.H.T.
  Rekening nommer : 082 170 797
  Verwysing : Naam van Aansoeker/Stalletjie

- Jou naam en die naam van jou stalletjie moet as verwysing gebruik word. U plek word verseker deur bewys van betaling.
- Geen uitstaller sal toegelaat word om op te stel alvorens die volle bedrag nie in ons bankrekening reflekteer nie. E-pos bewys van betaling na info@clanwilliamexpo.co.za.
- Geen terugbetalings sal gedoen word nadat gelde vir staanplek reeds betaal is en uitstaller daarna besluit om te kanselleer nie.
- Slegs 1 uitstaller word per staanplek toegelaat. Geen onderverhuring nie.
- Uitstallers moet by Skoukantoor aanmeld sodat staanplek aan u gewys kan word, ons sien uit om u te verwelkom.
- Uitstallers wat op terrein bly/kampeer, vergewis uself van die Potjiekoskompetisie en Skoudans wat saans tot 24:00 aanhou.

- **Geen vuurwerke, crackers of alkoholiese** drank mag verkoop word nie.
- Geen BB Guns nie.
- NB: Uitstallers is verantwoordelik vir hul eie tafels, stoele en ander items benodig vir hul uitstalling.
- Stalletjies word beoordeel op Donderdagoggend, 11 April 2024 en pryse sal toegeken word vir mooiste binne- en buite stalletjie asook beste landbou uitstalling en kommersiële uitstalling.

AANSOEK EN KEURING

- Aansoeke sal gekies/gekeur word op grond van beskikbaarheid van ruimte, sowel as versadiging van produkte.
- Gesondheidsertifikate moet ingehandig word, indien u met voedsel items werk - ingemaakte, gedroog of enige ander vorm.
- Stuur asseblief gesondheidsertifikaat saam met u produktelys.

SEKURITEIT EN RISIKO

- Deelname aan Clanwilliam Expo 2024 (CLHT) word op u eie risiko gedoen en die organiseerders van die Skou is vrygestel van enige eise as gevolg van skade wat jy, jou besigheid of werknemers kan ly as 'n direkte of indirekte gevolg van diefstal, breekskade, besering, brand, reen, weerlig of enige ander gebeurtenis. Indien die skou gekanselleer of uitgestel word weens redes buite die organiseerders se beheer, sal die organisasie nie verantwoordelik gehou word vir die verlies van enige inkomste as gevolg daarvan nie.

ADVERTENSIE

- Vir bemarkingdoeleindes, word alle stalletjie eienaars versoek om Expo te voorsien van foto's en inligting in verband met die stalletjie en produkte - via e-pos.
- Die materiaal sal op sosiale media gebruik word om meer blootstelling te bied en om aan besoekers bekend te stel.
- Asseblief, gaan besoek ons Faceboek Blad asook Instagram en deel onder u vriende op FB, Twitter, WhatApp en Instagram.

KONTAK BOETA GENIS BY uitstallers@clanwilliamexpo.co.za VIR ENIGE VERDERE NAVRAE

EXPO GROETE

NB: Stalletjie inspeksies sal daagliks gedoen word. Indien uitstallers nie die voorgeskrewe items verkoop waarvoor aansoek gedoen is nie (oneerlikheid), sal hul gevra word om op te pak en die skouterrein te verlaat.